HOOFSTUK 10

Werkloosheidsversekeringsfonds

Die wet verplig werkgewers om by die Werkloosheidsversekeringsfonds in te skakel. Die werkgewer moet maandeliks 2% van ‘n werknemer se salaris aan die Werkloosheidsversekeringsfonds oorbetaal. Die werkgewer dra 1% van die werkloosheidsversekering bydraes by en die werknemer die ander 1%. Alle bydraes moet voor die sewende van elke kalendermaand aan die fonds oorbetaal word.

Werkgewers word verplig om alle werknemers wat 24 uur en meer per maand werk, vir werkloosheidsversekering te registreer. Aansoek om registrasie moet op die voorgeskrewe UI19-vorm gedoen word. Hierdie vorm is by die Department Arbeid beskikbaar. Die voltooide vorm moet na die Pretoria-kantoor vir werkloosheidsversekering gefaks word.

WVF-voordele is vir die volgende persone beskikbaar:

- Werklose bydraers.
- Werknemers wat vanweë swak gesondheid ontslaan is (6 maande se voordele kan geëis word).
- Afhanklikes van oorlede bydraers.
- Ouers wat kinders onder die ouderdom van 2 jaar aanneem.
- Swanger vroulike bydraers.

Wanneer kwalifiseer bydraers vir voordele?

‘n Bydraer wat vir ten minste 4 jaar gewerk het, kwalifiseer vir 238 dae krediet. Indien ‘n werknemer vir minder as 4 jaar werksaam was, kan die werknemer die aantal dae (krediet) wat geakkumuleer het, eis.

Adres: Werkloosheidsversekering Kommissaris
WVF/UIF
Pretoria
0052

Tel: Werkloosheidsvoordele Komitee
Wes-Kaap (021) 460-5911
Pretoria (012) 337 1700/1

Faks: (012) 337 1912